



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 16 APRIL 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, ald J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat kennis geneem word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 25 MAART 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 25 Maart 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 APRIL 2025

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 VORDERINGSVERSLAG INSAKE DIE VULLING VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOS: DIREKTEUR: BESKERMINGSDIENSTE (4/3/B, 4/3/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die keuringspaneel aanbeveel dat die pos heradverteer word in 'n poging om beter gekwalifiseerde en meer ervare kandidate te werf. Dit is nie nodig vir die kandidate wat reeds gekortlys is om weer vir die pos aansoek te doen nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die vorderingsverslag vir die vulling van die pos van Direkteur Beskermingsdienste;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die gewysigde prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die heradvertensie soos hierby aangeheg.

7.2 ESKOM ELEKTRISITEITSREKENING WAARBORG (16/2/B)

Die Swartland Munisipaliteit word geag as 'n "Good Payer" deur Eskom en dit was nie nodig om sekuriteit uit te neem sou die Munisipaliteit agterstallig raak nie.

Eskom verwag nou van alle kliënte om sekuriteit uit te neem en die norm die gemiddelde maandelikse rekening maal drie – in die geval van Swartland Munisipaliteit 'n bedrag van ongeveer R90 miljoen.

Alhoewel daar 'n begrip is vir die posisie waarin Eskom is deurdat die totale skuld wat munisipaliteite aan Eskom verskuldig meer as R70 biljoen beloop, kon Swartland Munisipaliteit daarin slaag om die waarborgbedrag te onderhandel.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die Eskom vereistes en die voordelige uitkoms van die onderhandelinge tussen Eskom en Swartland Munisipaliteit om die vereistes te beperk tot slegs R30 miljoen;

7.2/...

- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Direkteur: Finansies magtig om reëlings te tref met Standard Bank vir die uitreiking van 'n Bank Waarborg ter waarde van R30 miljoen ten gunste van Eskom;
- (c) Dat die Direkteur Finansies, in oorleg met die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder, gemagtig word om die Bank Waarborg jaarliks aan te pas indien Eskom dit sou verlang.

7.3 **MUNISIPALE BEPLANNINGSDOKUMENT VIR VOORLOPIGE DIENSTE EN MENSLIKE NEDER-SETTINGSKWESSIES INGEVOLGE DIE RAAD SE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)**

Die aangehegte munisipale beplanningdokument vir voorlopige dienste en menslike nedersettingskwessies (behuisingspyplyn) gee gestalte aan die Behuisingstrategie van Swartland Munisipaliteit. Dit dien as 'n instrument vir die Provinsiale Departement van Infrastruktuur in toekomstige beplanning en voorlegging van die behuisingspyplyn aan die Nasionale Departement.

Die voorsitter benadruk die belangrikheid om die behuisingspyplyn as 'n beplanningdokument te beskou wat onderworpe is aan verskeie faktore.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die aangepaste munisipale beplanningdokument, soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;
- (b) Dat die voorgestelde projekte 'n beplanningdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verder kennis neem dat, in terme van De Hoop (1021) Behuisingsprojek Fase 2A & 2B, Darling (186) Behuisingsprojek en Moorreesburg (653) Behuisingsprojek, die Munisipaliteit besig is met 'n verkrygingsproses om 'n gekwalifiseerde kontrakteur aan te stel vir die konstruksie van topstrukture vir die bogenoemde projekte en word geantisipeer dat die suksesvolle kontrakteur gedurende Mei 2025 op terrein sal wees. Dit is onderhewig aan 'n appèl periode van twee weke en 'n kontraktuele oorhandigingsproses.

7.4 **STRAATNAME VIR MOORREESBURG IRDP BEHUISINGSPROJEK (16/5/6)**

'n Lys van voorgestelde straatname vir die nuwe IRDP (*Integrated Residential Development Programme*) is deur die Moorreesburg Behuisingbestuurskomitee voorsien vir oorweging.

Die voorgestelde straatname voldoen aan die vereiste van die Munisipaliteit se Beleid insake Straatname.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die onderstaande straatname, soos aangedui op die kaart in Aanhangsel B tot die verslag, goedgekeur word vir registrasie by die Kantoor van die Landmeter-Generaal;

- | | |
|--------------------------------|--------------------------------|
| 1. Bokmakierie Street | 11. Meelboom Street |
| 2. Swaeltjie Street | 12. Olyfboom Street (continue) |
| 3. Palmboom Street (continue) | 13. Kokkewiet Street |
| 4. Houtkapper Street | 14. Kanarie Street (continue) |
| 5. Papegaai Street | 15. Umngcunube Street |
| 6. Vink Street | 16. Umthathi Street |
| 7. Magrietjie Street | 17. Umunga Street |
| 8. Rooikrans Street (continue) | 18. Inyibiba Street |
| 9. Tortelduif Street | 19. Inkuphulwane Street |
| 10. Lemoenduijie Street | 20. Ikhala Street |

7.5 STRAATNAME VAN DE HOOP IRDP BEHUISINGSPROJEK (16/5/6)

'n Lys van voorgestelde straatname vir die nuwe IRDP (*Integrated Residential Development Programme*) in De Hoop, Malmesbury is deur die Behuisingbestuurskomitee voorsien vir oorweging.

Die skole in llinge Lethu is betrek om voorstelle vir straatname te voorsien en alhoewel daar in sommige gevalle nie 'n vasgestelde tema is nie, hou die straatname verband met Suid-Afrikaanse gemeenskappe, bewegings of inisiatiewe waarvan baie 'n diep kulturele, historiese of sosiale betekenis dra.

Die voorgestelde straatname voldoen aan die vereiste van die Munisipaliteit se Beleid insake Straatname.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die onderstaande straatname, soos aangedui op die kaart in Aanhangel B tot die verslag, goedgekeur word vir registrasie by die Kantoor van die Landmeter-Generaal;

- | | |
|---|-----------------------------------|
| 1. Swartland Boulevard | 39. Mlanjeni Street |
| 2. Alfa Street to continue up to Swartland Boulevard | 40. Masikhuthale Street |
| 3. Sarah Bartman Street to continue up to Swartland Boulevard | 41. Amandla Street |
| 4. Platinum Street | 42. Ekukhanyeni Street |
| 5. Gold Street | 43. Bambiswano Street |
| 6. Silver Street | 44. Kutlwanong Street |
| 7. Tanzanite Street | 45. Zenzele Street |
| 8. Aquamarine Street | 46. Maluti Street |
| 9. Garnet Street | 47. Imbokotho Street |
| 10. Diamond Street | 48. Lwandle Street |
| 11. Onyx Street | 49. La Vie Street |
| 12. Pearl Street | 50. Legato Street |
| 13. Iolite Street | 51. Nocturne Street |
| 14. Amethyst Street | 52. Adagio Street |
| 15. Sapphire Street | 53. Calando Street |
| 16. Ruby Street | 54. Patrys street (continue) |
| 17. Tourmaline Street | 55. Reier street (continue) |
| 18. Opal Street | 56. Tobie street (continue) |
| 19. Citrine Street | 57. Sterretjie street (continue) |
| 20. Topaz Street | 58. Berghaan Street (continue) |
| 21. Mercury Street | 59. Jakkalsvoël Street (continue) |
| 22. Venus Street | 60. Kiewiet Street (continue) |
| 23. Earth Street | 61. Korhaan Street (continue) |
| 24. Mars Street | 62. Loerie Street (continue) |
| 25. Jupiter Street | 63. Tarentaal Street (continue) |
| 26. Saturn Street | 64. Riethaan Street |
| 27. Uranus Street | 65. Malgas Street |
| 28. Neptune Street | 66. Kolgans Street |
| 29. Pluto Street | 67. Lepelaar Street |
| 30. Orcus Street | 68. Hamerkop Street |
| 31. Eris Street | 69. Hadedda Street |
| 32. Ceres Street | 70. Ooievaar Street |
| 33. Haumea Street | 71. Tiptol Street |
| 34. Manyano Street | 72. Parkiet Street |
| 35. Sikunye Street | 73. Pikkewyn Street |
| 36. Ngawethu Street | 74. Meeu Street |
| 37. Khulani Street | 75. Pelikaan Street |
| 38. Ethembeni Street | 76. Stormvoël Street |

7.6 AANSTEL VAN INTERNE LID VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL (3/2/4)

Die affrede van die Direkteur: Beskermingsdienste lei tot 'n vakature op die Munisipale Beplanningstribunaal as een van die interne lede. Die Munisipale Beplanningstribunaal bestaan uit drie interne en twee eksterne lede.

Die aanstelling van 'n interne lid geskied ooreenkomstig Artikel 81(1) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 gedateer 25 Maart 2020).

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste as interne lid tot die Munisipale Beplanningstribunaal in terme van Artikel 81(1)a van die Verordening aangestel word met ingang van 1 Julie 2025;
- (b) Dat die termyn van aanstelling is vir die tydperk wat die amptenaar voltyds in diens van die Munisipaliteit sal wees;
- (c) Dat die aanstelling van die lede van die Munisipale Beplanningstribunaal in terme van Artikel 82(11)c van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) deur die Munisipale Bestuurder in die Provinsiale Koerant bevestig word;
- (d) Dat die nuwe interne lid dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.7 VERSLAG RAKENDE 'N ONDERSOEK 'N VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSENTRUMS (17/2/2)

Een van die hoof uitdagings in die Swartland munisipale area is die hoë werkloosheidsyfer en bydraend is die hoë aantal skoofverlaters tussen die ouderdom van 14 en 18 sonder dat daar enige vaardighede aangeleer is om die werksmag of hoër onderwys te betree.

Om voormelde aan te spreek is daar in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan voorsiening gemaak dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste 'n ondersoek doen na die vestiging van vaardigheidsontwikkelingsentrums in die Swartland munisipale gebied teen Junie 2025.

Daar het verskeie gesprekke plaasgevind met organisasies wat belangstel om vaardigheidsontwikkeling te doen, maar een van die kritieke elemente is om geskikte grond vir hierdie sentrums beskikbaar te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van *The Imibala Trust* se belangstelling om vaardigheidsontwikkelingsentrums as 'n katalis vir verandering uit te brei in die Swartland munisipale area;
- (b) Dat *The Imibala Trust* ingelig word oor die geïdentifiseerde gedeeltes grond wat beskikbaar is in die onderskeie dorpe onderhewig daaraan dat die wetlike vereistes vir die verkryging daarvan nagekom word.

7.8 KWARTAALVERSLAG AANGAANDE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag ten opsigte van die kwartaalike prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Januarie 2025 tot 31 Maart 2025.

7.9 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2025 TOT 31 MAART 2025 (8/1/B/2)

Die verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Januarie tot 31 Maart 2025 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(3) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B), en die Afwykingsverslag (Bylae C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 Januarie 2025 tot 31 Maart 2025 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskettlingbestuurbeleid (Bylae D).

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2025 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat as gevolg van die toename in gesubsidieerde behuising deur toekennings vanaf die Departement van Infrastruktuur (±3000 behuisingsgeleenthede oor die volgende vier jaar) die uitstaande skulde drasties gaan toeneem.

Dit is daarom belangrik dat waterbesparingsmaatreëls, soos vereis deur die Departement van Infrastruktuur, by behuisingsprojekte geïmplementeer word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat toerusting wat die watervloei beperk geïnstalleer sal word by die gesubsidieerde behuisingsprojekte, aangesien die 'smart' meters nie funksioneer op voorafbetaaltipe watermeters nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2025.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: HERSTEL VAN WATERTROK, CK 47393 (330 UD MODEL) (8/1/B/2)

Die UD 330-trok, CK 47393, word in die Straat- en Stormwaterafdeling gebruik en het begin om meganiese probleme te gee.

Op versoek van rdh T van Essen moet die volgende inligting ten opsigte van voertuie en masjinerie vir volledigheidshalwe in die afwykingsverslag voorsien word:

Registrasie-nommer	Beskrywing van voertuig/masjinerie	Jaar Model	Km/Ure	Afdeling & Dorp	Vervangingsdatum
...

7.12/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die koppelaar en vervanging van die *flywheel* van die UD 330-trok, CK 47393, deur JB's Nissan ten bedrae van R33 182.00 (VAT uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien JB's Nissan die gemagtigde agent van UD Trucks in Malmesbury is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R33 182.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-23-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN VRAGMOTOR, CK 32131 (UD 40 MODEL) (8/1/B/2)

Die UD 40-trok, CK 32131, word in die Straat- en Stormwaterafdeling in Darling en Yzerfontein gebruik en het begin om meganiese probleme te gee.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van koppelaar en ratkas van UD 40-trok, CK 32131, deur JB's Nissan ten bedrae van R68 358.23 (VAT uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien JB's Nissan die gemagtigde agent van UD Trucks in Malmesbury is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R68 358.23 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-23-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN POMP BY DIE ABBOTSDALE WATER-AANJAAGPOMPSTASIE (8/1/B/2)

Die Abbotsdale reservoir is toegerus met twee waterpompe by die aanjaagpompstasie wat die reservoir van water voorsien. Die pompe (*KSB end suction pump*) het meganiese probleme ondervind en die vlak van die reservoir het drasties gedaal.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

7.14/...

- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk pompe by die Abbotsdale pompstasie ten bedrae van R74 757.52 (BTW uitgesluit) deur Tricom Africa;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid as volg bevestig word:
 - (i) Die *KSB suction pumps* sou vir 'n geruime tyd buite werking gewees het sou die normale verkrygingsprosesse gevolg is;
 - (ii) Die resultaat sou wees dat watervoorsiening aan die gemeenskap van Abbotsdale onderbreek sou word;
 - (iii) Die herstelwerk aan die pompe is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R74 757.52 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-849-259 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die aansoek om verlof deur die Munisipale Bestuurder moet aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende datums in beginsel goedgekeur word, naamlik:
 - 2 Mei 2025 (1 dag).
 - 30 Junie tot 7 Julie 2025 (6 dae).
 - 17 Desember 2025 tot 9 Januarie 2026 (15 dae)
 - 9 tot 14 April 2026 (4 dae)
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die waarnemende Munisipale Bestuurder pro-aktief aangewys sal word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER